SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Tel 012 420 6738
excelsus@up.ac.za

Leergemeenskap: Kerk van die toekoms

Hoekom moet ons nuut dink oor die kerk van die toekoms?

Die jong volwasse leer gemeenskap het navorsing gedoen onder jongmense (18-35jaar) wat in die kerk grootgeword het. Wêreldwyd blyk dit dat daar 'n skuif besig is om plaas te vind, dat jonger mense wat hulself Christene of gelowig noem, nie noodwendig in die kerk tuiskom nie. Dit is nie bloot 'n "fase" waardeur hulle gaan, soos in die verlede nie, maar 'n blywende tendens wat die kerk van die toekoms noemenswaardig gaan beïnvloed. Die groot redes hiervoor is:

- Gebrek aan konneksie met die kerk – baie jongmense is nie teen "kerk" nie; die kerk speel net nie meer 'n belangrike rol in hulle lewens nie.
- Gebrek aan diepgaande verhoudings, dissipelskap en mentorskap wat 'n groot behoefte is van dié generasie.
- Gebrek aan geloofservarings en groei deur die vestiging van geloofsgewoontes.
- Die onvermoë van die kerk om die verband tussen geloof en sekere beroepsrigtings soos wetenskap, kuns, IT, sosiale media, ens. te maak. Geloof raak dus irrelevant binne hulle leefwêreld.
- Die onvermoë van die kerk om geleenthede en veilige ruimtes te skep om moeilike kwessies, vrae en teenstrydighede te bespreek.
- Die gebrek aan diversiteit in die kerk en die onvermoë om verskillende tale, rasse, kulture, oortuigings, ens. te omarm.
- Die kerk se onvermoë om ruimte te maak vir die uitleef van mense se roeping en die beperkte stem van die kerk ten opsigte van menswaardigheid en geregtigheid.
- Die onvermoë van die kerk om jong en diverse leiers raak te sien, toe te rus en te gebruik. Dit sluit veral vroue in.
- Die beperkte ruimte vir broosheid, trauma en gebrokenheid in kerk kringe.

Daarom moet ons nuut dink oor die kerk. Daarom kan ons vanuit hierdie nege redes leer en saam droom oor hoe 'n kerk van die toekoms kan lyk.

Ons nooi graag elkeen uit na 'n jaar van saam dink en droom oor die kerk van die toekoms. Saam gaan ons in 'n proses betrokke raak wat oor vier geleenthede gaan strek om te kyk waarna jou spesifieke konteks vra en hoe jou gemeente daardie behoefte kan aanspreek.

Kom dink, droom en eksperimenteer saam!

Vir geleenthede wat reeds ontstaan het vanuit hierdie droomgemeenskap gaan kyk gerus na die Kerk van die Toekoms op Youtube.

SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Tel 012 420 6738
excelsus@up.ac.za

Leergemeenskap: Kerk van die toekoms

(veral gerig op jonger predikante en ander jong volwassenes)

Werkswinkel 1: 29 Januarie 2020
Werkswinkel 2: 29 April 2020
Werkswinkel 3: 12 Augustus 2020
Werkswinkel 4: 11 November 2020



Wêreldwyd blyk dit dat daar ‘n skuif besig is om plaas te vind: jonger mense wat hulself Christene of gelowig noem, kom nie noodwendig in die kerk tuis nie. Dit is nie bloot ‘n “fase” waardeur hulle gaan, soos in die verlede nie, maar ‘n blywende tendens wat die kerk van die toekoms noemenswaardig gaan beïnvloed.

Daarom is dit belangrik dat ons nuut oor die kerk moet dink en saam droom oor hoe ‘n kerk van die toekoms kan lyk.

Ons nooi graag jonger predikante en ander jong volwassenes uit na ‘n jaar van saam dink en droom oor die kerk van die toekoms. Saam gaan ons as leergemeenskap in ‘n proses betrokke raak wat oor vier geleenthede gaan strek om te kyk waarna jou spesifieke konteks vra en hoe jou gemeente daardie behoefte kan aanspreek.

Kom dink, droom en eksperimenteer saam!

Plek:	NG Gemeente Suidoos-Pretoria/Stellastraat H/v Olivier en Stellastraat, Waterkloof
Aanbieder:	Ds Francois Maritz, Hayfields, KZN
Koste:	R390 per werkswinkel
VBO:	12 punte per werkswinkel

Meer inligting en ‘n inskrywingsvorm is hierby aangeheg.

Alle navrae kan gerig word aan Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za of 012 420 673

SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Tel 012 420 6738
excelsus@up.ac.za

Kerk van die toekoms

Stuur hierdie vorm saam met bewys van betaling aan Rika van Rensburg, e-pos: excelsus@up.ac.za

Naam en van			
Selfoonnommer			
E-pos			
Huidige gemeente		**Sinode**	

Kursusgangers is self verantwoordelik vir akkommodasie

Spesiale dieet	**Vegetariër**		**Diabeet**		**Ander**	

Registrasie	Fooi	**R390,00 per persoon**
	Kursus	**Werkswinkel: Leergemeenskap: Kerk van die toekoms**
	Kursusdatum	**29 Januarie 2020 (08:30 – 16:30)**
	Plek van aanbieding	**NG Kerk Suidoos-Pretoria, (Stellastraat)** **H/v Olivier en Stellastraat, Waterkloof**
	Sluitingsdatum	**24 Januarie 2020**
Instruksies	Vorm	**Stuur bewys van betaling aan excelsus@up.ac.za**
	Verwysing	VBO gevolg deur u voorletters en van
	Bevestiging	Ontvangs van inskrywings geskied per **e-pos**. Kontak Rika van Rensburg vir navrae by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)

Bankbesonderhede vir elektroniese betalings:

Bank: ABSA
Naam van rekening: TSO
Rekeningnommer: 142 0830 463
Takkode: 632005
Tak: PRETORIA